**Dinsdag 5 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:10**
**Jesus, die Lig, bring ewige blydskap**

Die geboorte van Jesus het ’n besondere impak gehad in die samelewing van daardie tyd. Net so het die herdenking van sy geboorte vandag ’n besondere impak.

Hier ontmoet ons die wyse manne uit die ooste. Hierdie wyse manne was manne wat die sterre bestudeer het. In vandag se terme astroloë. Vir hulle was die verskyning van ’n nuwe ster die aankondiging van die geboorte of val van ’n koning. In hierdie geval was dit die aankondiging van die geboorte van ’n Koning. Dit het die aanbreek van ’n nuwe begin in hierdie geval aangekondig. Jesus se geboorte was die begin van ’n nuwe verbond, ’n nuwe manier van God se volk wees. Die einde van ’n era van onvolmaaktheid.

Daarom kom die wyse manne na Jerusalem. Hulle het geweet vanuit profesieë van die Ou Testament dat hulle hier in Jerusalem antwoord sou kry, want die verskyning van die ster het die geboorte van ’n Koning van die Jode aangekondig (vs 2).

Herodes beskou dit as bedreiging vir sy amp. Sy navraag was hoofsaaklik om uiteindelik vir Jesus te probeer doodmaak soos ons later sal sien in die gedeelte wat volg. Hy verwerp Jesus as die ware Koning.

Die wyse manne kry antwoord in Jerusalem en en dit is die ster wat hulle na Betlehem lei om daar uiteindelik Jesus te kan sien. Kyk na hulle reaksie: hulle sien die ster en is met groot blydskap vervul. As hulle Jesus sien, dan val hulle voor Hom neer en bewys aan Hom hulde.

Wat is die impak van die geboorte van Jesus in ons samelewing vandag? Sommiges verwerp dit soos Herodes. Dit raak hulle nie en hulle wil niks daarmee te doen hê nie.

Dit behoort egter so te wees dat die geboorte van Jesus ons tot die besef bring dat Hy die Ware Lig is, die Een wat ons lei op die pad na verlossing. Ons moet verheug wees oor die feit dat deur Hom die Gees geskenk word om ons deur die Woord die pad aan te wys na die ware lewe wat alleen in Hom te vind is.

*Sing: Psalm 40-1:3*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*